'n Leksel sout uit die maande – 'n leksel sout uit die aarde

Book Title:
'n Leksel sout uit die maande

Book Cover:

Author:
Jan Nel

ISBN:
978-1-86919-305-8
(South Africa)

Publisher:
Protea Boekhuis (Pretoria 2011)

Review Title:
'n Leksel sout uit die maande – 'n leksel sout uit die aarde

Reviewer:
S.F. Greyling[1]

Affiliation:
[1]School of Languages, North-West University, South Africa

Email:
franci.greyling@nwu.ac.za

Postal address:
Private Bag X1290, Potchefstroom 2520, South Africa

How to cite this book review:
Greyling, S.F., 2012, "n Leksel sout uit die maande – 'n leksel sout uit die aarde', *Literator* 33(1), Art. #391, 1 page. http://dx.doi.org/10.4102/lit.v33i1.391

© 2012. The Authors. Licensee: AOSIS OpenJournals. This work is licensed under the Creative Commons Attribution License.

Op die keurige voorblad van Jan Nel se essaybundel, *'n Leksel sout uit die maande*, is 'n herfsblaar en 'n boomstomp met duidelike jaarringe afgebeeld. Hierdie eerste kennismaking met die boek kondig reeds vir die leser die tema aan. In dié versameling essays gaan dit naamlik oor die wisseling van seisoene, oor die aard van die natuur en die mens, oor dinge wat verbygaan, maar ook oor herontwaking en nuwe groei.

Die bundel is 'n heruitgawe van die versameling wat oorspronklik in 1996 by Tafelberg verskyn het. Die aanvanklike twyfel of 'n bundel soos hierdie 'n herdruk regverdig en of die sterk natuurgebondenheid steeds toepaslik is vir 'n hoofsaaklik verstedelikte gemeenskap, het met die lees van die essays grotendeels vervaag.

Jan Nel is 'n noukeurige waarnemer en 'n vaardige skrywer. Die essays, oor die algemeen goed geselekteer, is volgens die maande van die jaar ingedeel. Dit is 'n funksionele stuktureringsmiddel aangesien dit 'n bepaalde fokus meebring, die bydraes onderling verbind en 'n bepaalde narratiewe verloop impliseer. Die skrywer se intieme kennis van die natuur, noukeurige waarneming en sintuiglike beskrywing, is opvallend. Nel is egter ook 'n goeie waarnemer van mense, en die natuurbesinnings word aangevul en afgewissel met algemeen menslike ervarings soos besoeke aan 'n dokter, die bywoning van balletvertonings en die ervaring van eensaamheid.

Natuurwaarnemings word nie tot een landstreek beperk nie, en seisoene en maande word genuanseerd geteken. In 'Augustus' word die maand wat op die Hoëveld met troostelose winde vereenselwig word, se ander kant ook getoon:

> Nie orals kom Augustus met onbeheerste drif en wilde windslae nie, nie oral met sand onder die tande en skaapmis in neus en ore nie, nie oral met suile stof en droë mielieblare nie, maar plek-plek ook sagvoets, sonder fanfare en met 'n periodieke roering van Augustusbriese. (bl. 83)

Verwysings na aktuele gebeure en spesifieke maatskaplike omstandighede bly oor die algemeen vaag sodat die bundel nie opvallend gedateer word nie. Daar is egter enkele bydraes waar belangrike agtergrondkennis ontbreek, en wat in 'n ander konteks, byvoorbeeld in 'n gereelde koerantrubriek, vir die leser meer sin sou kon maak. Die afleiding kan byvoorbeeld gemaak word dat Wessel in 'Hy's lellek' (bl. 76) dieselfde vriend is met wie die skrywer in sy bundel *Laataandbiegstories en sulke dinge* (2009) om die kampvuur kuier.

Waar die verwysing na persoonlike vriende en kennisse die leser soms uitgesluit laat voel, kan lesers hulle wel vereenselwig met die skrywer se nagedagtenis aan sy ouers en grootouers. Soos met Nel se waarnemings oor die natuur en die gang van die seisoene, prikkel die herinneringsessays die leser se eie assosiasies en herinneringe. Nel vereenselwig Augustus veral met sy pa se begrafnis en teken nóg 'n Augustuslandskap vir die leser:

> Vroegmôre op die elfde dag van Augustus in daardie jaar het dit lig begin sneeu, en toe ons bibberend en ontredderd op die twaalfde by die graf staan, het die Witteberge se toppe skimmel gelê ('Die twaalfde van die agste' – bl. 89).

'n Geneigdheid tot bewustelike mooiskrywery en sentimentaliteit word deur die skrywer se humorsin en selfspot getemper. Nel het sy tong stewig in die kies en neem homself nie te ernstig op nie. So verwys hy byvoorbeeld in 'Nel, soos in Willem' na die afkoms van die Nels in Suid-Afrika. Die stamvader se nageslag is talryk:

> Agter elke bos en walletjie kan jy een uitkrap en dikwels sommer op die bogrond optel. 'n Soekery is dus selde nodig. Hulle is sommer net daar, of jy hulle nodig het of nie. (bl. 120)

Met sy fyn waarneming, humorsin en soepel skryfstyl het hiérdie Nel 'n deeltjie van die ondermaanse só betrag en verwoord dat dit vir talle lesers veel plesier sal verskaf en stof tot nadenke kan bied, en ook sodoende die verganklikheid tot 'n mate kan besweer.